



O.B.-KOERS IS VOLK SE ENIGSTE REDDING

Mnr. J. A. Smith, waarnemende leier van die Ossewabrandwag het onderstaande verklaring uitgereik:

Dit is my plig om langs hierdie weg 'n beroep op alle offisiere en brandwagte te doen om hulle nie deur gebeurtenisse, van watter aard ookal, van koers te laat slinger of mismoedig te word nie. Om enige moontlike misverstand te voorkom, of om dit uit die weg te ruim as dit ongelukkig mag bestaan, voel ek my geroepe, terwille van duidelikhed, so saaklik moontlik die vasgelegde beleid, koers en taak van die Ossewabrandwag te stel soos van tyd tot tyd aangekondig en deur die jongste Grootraadsbesluite herbevestig of deur implikasie aangedui:

J. A. Smith se Oproep

VOORSITTER AANVAAR DR. V. RENSBURG SE BEDANKING

Op 9 Februarie het dr. J. F. J. van Rensburg formeel sy bedanking as Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag by die Voorsitter van die Grootraad, prof. D. J. van Rooy, ingedien. Op 13 Februarie het die Voorsitter sy bedanking aanvaar en die amp vakant verklaar tot tyd en wyl 'n Laertrek daarvoor kan beskik. Op dieselfde datum het die Voorsitter mnr. J. A. Smith, uit hoofde van sy amp as onderleier van die Ossewabrandwag, opgedra om waar te neem as leier totdat 'n Laertrek byeengeroep kan word om 'n nuwe leier te kies.

Dr. Van Rensburg se brief van bedanking lui soos volg:

NASIONALE PARTY

„Na aanleiding van onlangse briewewisseling dien ek hiermee formeel my bedanking as Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag by u in, hangende die beslissing van 'n laertrek van offisiere.



PROF. D. J. VAN ROOY

„Ek doen die stap na rype oorleg en sonder dat ek onnodig deur tydelike en oorbrugbare verskille ontsteld is. Dit is duidelik dat ek van sommige invloedryke broeders offisiere verskil oor die noodsaaklikheid van nadere samewerking van die Ossewabrandwag met mederepublikeine en nasionaliste in die nuutgestigte Nasionale Party. Ek wil sonder verder bespreking heelhartig aanvaar dat die kollegas wat van my verskil dit met die beweging opreg bedoel. Tegelykertyd kan ek, op my beurt, in alle opregtheid verseker dat ek die belange van die Ossewabrandwag eerder bevestig sien in genoemde samewerking as in die beklemtoning van ondergeskikte verskille.

DIEPGAANDE VERSKILLE

„Afgesien, egter, van die goeie trou aan weerskante bly dit 'n feit dat 'n diepgaande verskil oor optrede bestaan en dat alle pogings om hierdie geskil te besleg — tot in die Grootraad — gefaai het.

„Onder die omstandighede is dit duidelik dat ek die betrokke kamerade nie teen hul oortuigings kan lei nie en, ewemin, kan van my verwag word om teen my oortuiging te handel. Al oplossing is om hul 'n vrye hand te laat om deur 'n ander leier die gewenste ander leiding te laat kry.

DANK

„In 'n omsendbrief waarin ek my stap motiveer aan lede van die beweging het ek my agting aan hul oorgedra. Sonder dat ek tussen kamerade wil onder-

skei, meen ek nietemin dat dit veroorloof mag wees om in die besonder aan die Voorsitter van ons Grootraad my waardering te betuig vir die lojale houding wat hy, in dikwels pynlike sowel as moeilike omstandighede, gehandhaaf het.

„Die uittrede van my amp beteken geensins uittrede as lid van die beweging nie en ek vertrou dat die kameraadskapsband deur die stap hoegenaamd nie geraak is nie.

AANVAAR BEDANKING

Prof Van Rooy het soos volg geantwoord:

„Ek wens ontvangs te erken van u brief van 9 Februarie l.l. en neem met leedwese kennis van u bedanking as Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag. U is bewus van die poging wat ek aangewend het om hierdie stap te voorkom en voel seker saam met my dat ek nie anders kan as u bedanking te aanvaar nie en die amp vakant te verklaar tot tyd en wyl 'n Laertrek of Grootraadsvergadering daarvoor kan beskik.

„Die omsendbrief aan lede van die beweging waarvan u in u brief melding maak, het ek ontvang. Dit is hier nie die plek om daarop in te gaan nie en ek bepaal my derhalwe by u brief.

MISVERSTAND

„En sinsnede daarin kan misken misverstand veroorsaak. U sê: „Dit is duidelik dat ek van sommige invloedryke broeders offisiere verskil oor die noodsaaklikheid van nadere samewerking van die Ossewabrandwag met mederepublikeine en nasionaliste in die nuutgestigte Nasionale Party.' Ek is my nie bewus van enige verskil oor die noodsaaklikheid, van nadere samewerking nie — ten minste nie by lede van die O.B. nie. Nog steeds soek die O.B. samewerking met alle mederepublikeine. En waar hy, o.a. deur middel van sy amptelike orgaan, soms kritiek laat hoor, is dit te wyte aan die onloënbare feit dat Nasionalis en Republikein nie altyd sinoniem is nie — u noem hulle trouens self apart.

„Nee, oor die noodsaaklikheid van samewerking bestaan daar by ons geen verskil nie. Intendeel. En oor ondergeskikte verskille is lede van die O.B. sekerlik nie bereid om warm te word nie.

SAMEWERKING

„Dat daar egter — om weer u woorde aan te haal, — 'n diepgaande verskil oor optrede bestaan' (ek kursiveer), kan nie ontken word nie.

„Samewerking kan beteken: algehele aansluiting by die Nasionale Party sonder „groep-

vorming', waarby ons gevaar loop, nie alleen om ons identiteit te verloor nie, maar ook om ons republikeinse ideaal prys te gee. Samewerking kan egter ook beteken: samevloering van alle ware republikeine binne of buite watter party dan ook ter aktiewe bevordering van ons ideaal. Daar is van ons wat die eerste interpretasie verkies; daar is andere wat meen dat die tweede die getroue weergawe van ons O.B.-strewes is. Lê die verskil nie miskien hier nie?

DIENTE

„Hoe dit sy, ek dink ook in hierdie oomblik aan die uitnemende dienste wat u in die verlede as leier van die Ossewabrandwag aan ons beweging en ons volk, veral ook aan ons broeders in die verdrukking, bewys het. Vir hulle en vir ons almal was u 'n bron van inspirasie en 'n voorbeeld van opofferende nasiediens. Dit kan en sal ek altans nie vergeet nie.

Dr. van Zyl se Toespraak

Die maandelikse gesellige byeenkoms van O.B.-lede in die Kaapse Skiereiland het verlede Donderdagaand in Constantia plaasgevind op die plaas Welgeleë van mnr. en mev. Lategan. Almal het dit baie geniet.

O.B.-lede uit die Skiereiland het opgedaag om te kom luister na die Kaaplandse leier, dr. F. D. du T. van Zyl, wat by die geleentheid 'n toespraak gehou het na aanleiding van dr. Van Rensburg se bedanking. (Sy toespraak verskyn op bladsy ses).

Heerlike verversings is bedien. En elkeen het 'n klein bedrag gestort om die fondse te sterk. f4 5s. is ingesamel. (Eie Berig).

J. A. SMITH SAL AS LEIER WAARNEEM

Met betrekking tot die leierskap van die Ossewabrandwag wat vakant geword het as gevolg van die bedanking van dr. J. F. J. van Rensburg, kondig die Voorsitter van die Grootraad, prof. D. J. van Rooy, aan:

„Ek het mnr. J. A. Smith, die onderleier van die Ossewabrandwag, uit hoofde van hierdie amp waartoe die jongste Uniale Laertrek hom verkies het opgedra om waar te neem as leier van die Ossewabrandwag totdat 'n laertrek of laertreкке gehou kan word wanneer 'n nuwe leier en ander ampsbekleders verkies sal word.

Die voorsitter verklaar dat hy hoop om sodanige laertrek of laertreкке in die loop van die jaar byeen te roep op 'n datum of datums wat geskik is vir die meeste betrokke O.B.-lede.

1. Dit was nog deurgaans en is nog steeds die strewes en oogmerk van die Ossewabrandwag om groter volkseenheid te bewerkstellig as wat binne 'n bepaalde politieke party of organisasie moontlik is. Want elkeen het sy eie besondere of bepaalde werksaamhede, funksie of doelstelling. Daarom soek die Ossewabrandwag eenheid met erkenning van die bepaalde of besondere terreine waarop sulke onderskeie volksorganisasies hulle beweeg.

2. Om bogenoemde rede het die Ossewabrandwag dan ook die eenwording van die twee nasionaalgesinde partye verwelkom en dit van sy kant amptelik aangemoedig.

3. Om dieselfde rede het die Ossewabrandwag geen beswaar gehad dat lede wat verkies om by 'n nasionaalgesinde party aan te sluit dit doen nie, net soos hy geen beswaar het dat lede van sodanige party ook lede van die Ossewabrandwag word nie. Daardeur is nie bedoel dat die Ossewabrandwag 'n aangesel van die party of sy dienswillige dienaar moet word nie.

4. Die Ossewabrandwag glo aan die volkome selfstandige en onafhanklike bestaan van organisasies met verskillende terreine en besondere take.

5. Al sulke organisasies, sonder uitsondering, het egter te doen met sake en aangeleenthede van volkspolitieke aard en strekking en die Ossewabrandwag het nog steeds ten alle tye hom die reg voorbehou en daarvan gebruik gemaak om sy standpunt en sienswyse ten opsigte van wat bv. op parlementêre gebied plaasvind rakende die volkspolitieke rigting uit te spreek. Dus 'n eie en onafhanklike en selfstandige standpunt in te neem en waar nodig goed te keur wat in belang van die volk is, of kritiek uit te spreek oor wat nie in belang van die volk is nie.

6. Net so bereid as wat die Ossewabrandwag as beweging is om alle moontlike steun by die stembus of andersins aan die nuwe Nasionale Party te gee waar en wanneer sy beleid of aksie strook met die van die Ossewabrandwag, net so voel hy hom geroepe om met klem enige

optrede of daad van die regering te veroordeel en te bestry wat nie strook met die beleid van die Ossewabrandwag nie.



MNR. J. A. SMITH

7. Die Ossewabrandwag het by herhaling dit bevestig en sal voortgaan om sy positiewe taak ter opheffing en bevryding van die volk te stel soos aangedui en verklaar in die jongste Grootraadsbesluite, nl. „Voortdurende propagering van die republikeinse staat geskoei op die model van die tradisionele partylose Republiek van Transvaal, aangepas by die bestaanslewe van die volk op politieke, maatskaplike en ekonomiese gebied.”

OPDRAGTE

En voorts het die Grootraad op sy jongste sitting baie duidelik en met nadruk die volgende opdragte as toekomstaak aan die leiding en lede gegee:—

„Die Grootraad beskou dit dat die Ossewabrandwag die spesifieke taak het om die praktiese stappe ter verwesenliking van die ideaal van 'n republiek met 'n eie staatstelsel op die grondslag van volksregering in plek van die Britse partystelsel voortaan moet voorberei deur: (a) Propagering van die suiwer republikeinse ideaal; (b) bestudering van sy staatsbeskouings; (c) die skepping van 'n front so breed moontlik van persone en groepe wat bereid is om die partystelsel te verwerp reeds vir die huidige S.A. staat.”

Die Grootraad eindig sy besluit met die woorde: „Ten einde dit te bewerkstellig is dit noodsaaklik dat die O.B. hom geheel en al onttrek aan die partypolitiek en dat sy leiding hom uitsluitend en aktief bepaal by die bereiking van voornoemde doelstellings.”

BEROEP

Met die oog op die pligte ons hierbo opgelê en met in agneming van die politieke toestand en die jongste gebeurtenisse in die buiteland sowel as in die binneland, (selfs binne die Ossewabrandwag), doen ek hiermee 'n ernstige beroep op alle offisiere (Vervolg op bladsy 6, kol. 5)

DIE O.B., WOENSDAG, 20 FEBRUARIE 1952

DR. VAN RENSBURG

Die bedanking van dr. J. F. J. van Rensburg as Kommandant-generaal van die Ossewabrandwag wat in hierdie uitgawe aangekondig word deur die voorsitter van die Grootraad, prof. D. J. van Rooy, het nie onverwags plaasgevind nie. Dr. Van Rensburg het lankal te kenne gegee dat hy graag die leierskap van die Ossewabrandwag wil neerlê. Sy stilswye gedurende die afgelope paar jaar oor die sake van die Ossewabrandwag (wat onderskei moet word van die sake van die voormalige Afrikanerparty en van die Nasionale Party) moet dan ook verklaar word in die lig van sy begeerte om uit te tree.

WAT ONTHOU MOET WORD

Dit pas niemand nie, boweal geen O.B.-lid nie, om dr. Van Rensburg kwalik te neem omdat hy bedank het nie. Dr. Van Rensburg het sedert 1941 nie net aan die spits van die Ossewabrandwag gestaan nie, maar ook, tot onlangs nog, aan die spits van die Ossewabrandwag se stryd. Dit is wat met dankbaarheid deur elke republikeinsgesinde Afrikaner onthou moet word en waarvoor elke O.B.-lid hulde aan dr. Van Rensburg moet bring. Dr. Van Rensburg het die Ossewabrandwag, en daarmee die aktivistiese republikeinse stryd van die lewende Afrikanergeslag, deur die storm en drang van die oorlogsjare gelei. Dit is sy prestasie wat nie verkleineer of misken mag word nie, maar wat steeds na die hoë waarde wat dit verdien geskat moet word.

SY STANDPUNT

Dit blyk uit die motivering van sy standpunt, wat sy bedanking vergesel, dat dr. Van Rensburg hom genoodsaak gevoel het om die stap te doen as gevolg van kritiek van O.B.-kant teen die beleid van die Nasionale Party. En meer bepaald omdat hy nie hierdie kritiek kan stom maak nie. Dr. Van Rensburg se standpunt lui dat die „kardinale strydpunt” tussen die O.B. en die voormalige H.N.P. die betrokke party se diskriminasie-beleid teenoor O.B.-lede was (waardeur O.B.-lede verbied was om met behoud van hul O.B.-skap by die party aan te sluit); dat met die amalgamasie tussen die H.N.P. en die A.P. en die totstandkoming van die Nasionale Party hierdie diskriminasie-beleid oorboord gegooi is; en dat die O.B. derhalwe nou die Nasionale Party moet ondersteun en hom nie moet kritiseer nie.

Ongelukkig is dr. Van Rensburg se standpunt nie korrek nie.

DISKRIMINASIE

Eerstens. Die diskriminasie-beleid van die Nasionale politieke party teenoor O.B.-lede is nie of was nie die „kardinale strydpunt” tussen die twee organisasies nie. Dit was en is slegs die gevolg van die verskillende beginselstandpunte wat die twee organisasies huldig. Dr. Malan self het dit baie duidelik gestel in sy briewe aan mnr. N. C. Havenga, wat in Desember 1948 gepubliseer is, en wat gegaan het oor die weiering van die H.N.P. om O.B.-lede van die Afrikanerparty as kandidate vir die Provinsiale Raad te aanvaar of te ondersteun. Hy het onder andere soos volg aan mnr. Havenga geskryf:

„Ons algemene beswaar teen die kandidaatstelling van O.B.-lede, waarvan u ook spesifiek in u brief melding maak, is soos u welbekend is, geen nuwe nie. By die Volksraadsverkiezing in Mei l.l. het dit gegeld en ten spyte van die feit dat sedertdien daar groter getalle O.B.-lede by u party aangesluit het, het op die noodsaaklike punt die posisie werklik nie verander nie.

MOET O.B.-SKAP VERSWYG

„Die O.B.-leiers nou in u party sowel as hul amptelike blad verkondig altyd net soos tevore hulle eie ideologie en doelstellinge wat soos u tereg erken in stryd is met die beginsels van u Party, net soos dit is met ons s'n.

„Die enigste moontlike oplossing skyn dan ook te wees dat die O.B.-leiding ondubbelsinnig en gesaghebbend sal verklaar dat hul organisasie hul propaganda vir hul „antidemokratiese” ideologie sal staak en dat hul as sodanig dan ook sal terugtrek van die politieke terrein waarop die Afrikanerparty en die H.N.P. hul beweeg.”

Dit is derhalwe baie duidelik dat die voormalige H.N.P. se diskriminasie-beleid teenoor O.B.-lede die gevolg is van die O.B.-leiers en hul amptelike blad se verkondiging van hul eie ideologie en doelstellinge.

DISKRIMINASIE GEHANDHAAF

Tweedens. Die nuwe Nasionale Party het nie die diskriminasie-beleid van die ou H.N.P. oorboord gegooi nie. Trouens, dit word uitdruklik gehandhaaf in die konstitusie van die nuwe party wat eis dat elke lid soos volg moet onderneem: „Ek verklaar verder dat ek nie lid is van enige ander politieke party of organisasie met 'n politieke strekking nie.”

„Die betekenis van hierdie klousule het mnr. Havenga op sy party se amalgamasie-kongres verduidelik op 'n wyse wat heeltemal in ooreenstemming is met die aange-

(Vervolg in volgende kolom)

Van die Os op die Esel

Vader van Intekenareveldtog

My leser „Taurus” van Graaff-Reinet wat die vader is van die veldtog om intekenare vir ons blad te werf, skryf soos volg:

Dit doen my hart goed om te sien dat die lesers van Die O.B.-blad so mooi reageer op my suggestie om intekenare te kry. Ek hoop net dat baie van die mense wat die koerant vir 'n maand gekry het (of wat vir drie of ses maande ingeteken het) dit net so veel op prys stel soos ons wat dit gereeld lees en dat die gevolg is dat daar etlike honderde permanente lesers ingeteken het.

Die rede waarom ek in dié trant skrywe is omdat my moed nou so stadigaan in my skoene in sak.

Dit is waarlik jammer dat Koning George die Sesde so skielik oorlede is — nog voordat ons 'n werklike volksregering aan bewind het. Hoekom daar nog 'n Sap in die Unie is — of ek moet lewer sê 'n lid van die Verenigde Party — gaan my eenvoudige verstandjie te bowe.

Ek het al ses konings oorleef, maar dit is waarlik die eerste keer dat die prinsipale gelas is

(Vervolg van vorige kolom)

haalde brief van dr. Malan aan hom. Hy het bv. gesê: „As O.B.-lede onderneem om geen politiek in die organisasie te voer nie, is hulle welkom in die nuwe party.” Verder het mnr. Havenga verduidelik dat O.B.-lede propaganda kan maak vir enigiets in die nuwe party „solank dit nie bots met die beleid van die party nie, want dan sal hulle op die gewone manier te doen kry met die party-discipline.”

SUKSES VAN

PROEFNEMING

Die saak is tog so duidelik dat dit nie vatbaar is vir enige misverstand nie: O.B.-lede mag wel by die nuwe party aansluit, maar dan mag hulle nie propaganda maak vir hul eie ideologie en doelstellings nie, want dit bots met die party s'n. Met ander woorde, die party is bereid om af te sien van diskriminasie op voorwaarde dat die O.B.-lid die oorsaak van die diskriminasie verwyder deur af te sien van sy O.B.-standpunt. Dr. Van Rensburg se bedanking as O.B.-leier, as gevolg van Die O.B. se kritiek op die beleid van die Nasionale Party dien ongetwyfeld as 'n bewys van die sukses van dr. Malan en mnr. Havenga se proefneming om O.B.-lede tot lede en hoofbestuurslede van die Nasionale Party toe te laat.

O.B. SE IDEALE

Die Ossewabrandwag gaan egter voort — net soos altyd — om te streef na die verwesenliking van sy ideale. Hy doen dit as selfstandige organisasie. Sy koers en taak is verlede jaar baie duidelik herbehaal deur die Grootraad: Losmaking van die partypolitiek; mobilisering van die volk teen die partystelsel; en verkryging van die partylose republiek.

In hierdie rigting beweeg die Ossewabrandwag . . . in die geloof dat dit lei na die bestemming van ons volk.

Deur Sybrand

om in die skole „die erns van die gebeurtenis op die hart van die kinders te druk.”

Die Koning is Dood; Lank Lewe die Republiek!

Met die ore byna teen die draadloos gedruk het ek gesit en luister in die vurige hoop om te hoor wat ek so graag wou hoor. Nie net ek nie, maar elke Afrikaanssprekende en Engels-sprekende republikein, het gesit en wag op daardie taktiese aankondiging, waaroor ons oneindig verheug sou gewees het. Ons wou hoor: Die Koning is dood; lank lewe die Republiek van Suid-Afrika!

Maar dit het ons nooit gehoor nie. Insteede daarvan het ons tot vervelens toe 'n aanhouden- de relaas oor die Koning moes aanhoor. En om in der waarheid alles te kroon moes ek eindelijk hoor dat dr. Malan vir Kroonprinses Elizabeth uitgeroep het as Koningin van en oor die Unie van Suid-Afrika (wat 'n lojale lid van die Britse Staatgebod is).

Hierdie klap, nadat mnr. N. C. Havenga, die minister van finansies, reeds kort tevore my asem uitgeslaan het, is vir my te veel. Dat die minister my verder gaan belas en dat ek en my mede-Afrikaner nog groter offeringe sal moet maak om Engeland en die Empire te red — en dit nadat die liefdesdiens ons alreeds sewentig miljoen pond gekos het en elke jaar weer soveel kos — was vir my heeltemal te veel — ek word nog gelawe!

Mense se Oë moet Oopgaan

Die minister mag die slag hê om oorskotte te beraam — maar dit was darem ook dieselfde minister Havenga wat, omdat hy verkeerd en te laat gehandel het, ons Nasionale Party verongeluk het met die goudstandaard. Nou verongeluk hy ons weer vir nog 'n dekade.

Dit is nou ons kans om ekonomies onafhanklik te word — op die wyse waarop wyle genl. Hertzog dit in die vooruitsig gestel het. Maar die regering en die minister van finansies en die hooggeleerde ekonome kyk nog altyd deur die brille van die verlede. Ons bly nog maar die bobbejaan aan die paal, met die ketting om die nek, soos Die Burger van ouds se spotprenttekenaar, Boonzaaier, wyle genl. Smuts se vryheid van 1919 voorgestel het.

As die Ossewabrandwag darem nie nou inspring nie en die mense se oë oopmaak deur te veroordeel wat verkeerd is nie; as die Ossewabrandwag nie die volk gaan red nie dan sê ek dat dit Ikabod met ons vryheid is.

Daarom bedank ek die lesers van Die O.B.-blad omdat hulle so ywerig aan die werk gespring het om nuwe lesers te werf. En ek doen opnuut op elkeen 'n beroep om te help om die blad te versprei. Ons moet elkeen help toesien dat die Ossewabrandwag se waarskuwings en sy boodskap elke Afrikaner bereik.

Mag die God van ons vaders gee dat die nageslagte van die manne en vroue wat teen die Koning en die Empire geveg het vir Afrikanervryheid tog nie Koning-huldigers en Empire-republikeine word nie.

Die Windswael sit in die Nes

Die brief wat hieronder volg het ek ontvang van „Waarnemer” van Robertson. Dis 'n mooi voorbeeld van boere-logika

— vanaf die windswael in die nes tot by die „Freedom of London.” Lees maar self. My leser skryf:

Om stemme te koop by verkiezings is 'n kriminele wetsoortreding — veral as dit met eie geld gedoen word. Maar, om stemme te koop — op staatskoste — gedurende die vyf-jaarperiodes tussen verkiesings is glo wat genoem word suksesvolle politiekery (of uitoorlêery of stemmevangery). Waarom die verskil? En word hierdie verskil nie gruwelik uitgebuit nie?

Slegs vier jaar nadat dr. D. F. Malan eerste minister geword het, word hy alreeds in Londen ingewag om sy eerste Britse louere te ontvang — waarvan wyle genl. Smuts so baie gekry het. Die onderskeiding sal glo wees „The Freedom of London.”

Die H.N.P. kon, in die dae toe hy nog opposisieparty was en nasionaal was, teen genl. Smuts, die destydse leier van die Verenigde Party hieroor opding. Maar in hemelsnaam, hoe wil die huidige V.P.-leier, mnr. Strauss, vandag teen dr. Malan hieroor opding? Dit is 'n onderskeiding vir Britse lojaliste. En vanwaar die skielike Britse lojaliteit van die leier van die Nasionale Party?

Dit is 'n geval waar die windswael in die nes sit van die mak swaeltjie.

Britse Stemme vir Dr. Malan

Nog meer. Het die Eerste Minister dan nie, terwille van die Britse eerbetoon, die Koning, in lewe, genooi om 'n gesondheids-vakansie in ons land te kom deurbring nie, op 'n datum (let wel) wat met die Van Riebeeckfeesvierings sou saamval nie?

Wat 'n gulde geleentheid sou dit nie wees om stemme te vang nie. Die Engelse stemme wat die Koning se kuier vir dr. Malan sou besorg was juis oorsaak van o.a. die Britse Arbeidersparty se beswaar teen die genoemde kuier.

Wat van mnr. Strauss, die V.P. se leier? Hy is uitoorlê en gebind met die rooi strikkie van dr. Malan se Britse lojaliteit.

Maar wie moet die koste betaal wat dr. Malan aangaan om Engelse stemme te vang?

In Engeland Twee Minute; In Suid-Afrika 'n Hele Dag

Kyk wat na die Koning se dood gebeur het. Verlede Vrydag is die Koning begrawe. In Londen en oor die hele Engeland was daar slegs 'n stilte van twee minute op die begrafnisdag sodat elke Engelsman vir 'n paar oomblikke sy hoof in stille meegevoel kon buig. Maar die werksaamhede van die dag is voortgesit. Dit het in Engeland gebeur.

Maar in Suid-Afrika? Hier is die hele dag tot openbare vakansiedag verklaar wat 'n verlies van honderde duisende ponde beteken waarmee honderde huise waarna die mense smag, gebou kon gewees het. Wie moet die verlies dra? Hierdie oorywerige betoon van lojaliteit is vanselfsprekend bedoel om Engelse stemme te vang — tot skade van die belastingbetaler en groot ongemak van min. Strauss, die V.P.-leier, wat magtelos moet toesien hoe sy stemveetjies weg-gelok word.

Ek wil graag weet in hoeverre die dr. Malan van vandag opweeg met die dr. Malan van 1942 wat by die parlement 'n mosie ingedien het om te vra dat Suid-Afrika uitgeroep moet word tot 'n republiek buitekant die Britse Empire. Ook wil ek weet wat geword het van die dr.

(Vervolg op bladsy 4, kol. 1)

BRITTANJE SE RESEP VIR NUWE IMPERIALISME

As daar iemand is wat glo dat die Christelike demokratiese gees van die Britse imperialisme dood is — dan is hy verkeerd. Daardie Christelike demokratiese gees waarmee Ierland verower en onteien is; waarmee Sjina en Egipte neergedwing en Indië verower is; waarmee Suid-Afrika onderdruk is en wat as sinnebeeld konsentrasiekampe, ruïnes en ellende agtergelaat het — dié is nie dood nie. Hy lewe en hy werk op 'n slu manier. Hy lewe onder die masker: *Verdediging van die regte van die mens*. Sy leuse is: *Vir elke negerstam 'n eie regering wat opgebou is op 'n Christelike demokratiese grondslag; die res doen „ons“.*

Na die Tweede Wêreldoorlog wanneer nie alleen Duitsland nie maar ook die Britte tot die verslaandes behoort en die grootste deel van hulle verowerings, o.a. Indië moet afgee en hulle onder die indruk verkeer dat hulle misken alle kolonies sal verloor het die Christelike demokratiese gees hulle die idee gegee:

Selfregering aan die eenkant, uitbuiting aan die ander kant.

WONDERLIKE IDEE

Dit is 'n wonderlike idee. Aan die een kant geen verantwoording aan die ander kant onverbidde eksplorasie.

So het hulle die Negerstaat Goudkus gestig. Hulle betaal die inboorlinge vir hulle produkte 'n prys wat 50 tot 100 persent onder die wêreldprys is. Dit bots glo nie teen die „menslike reg“ nie, want dit is Christelike demokrasie.

'n Paar weke gelede het hulle 'n tweede „staat“ op Christelike demokratiese grondslag gestig, nl. die „Koninkryk Libië“. Die Tenussi-kaptein Idriss wat hulle tot koning verhoog het, het hulle meer gegee as dr. Nkruma wat 'n motorkar gekry het. Idriss het die mooi ronde som van 1 miljoen pond ingepalm. Daarvoor mag dan ook die Engelse militêre polisie deur die strate van Tripolis patrolleer en die twiskoppe wat nie tevrede met Idriss is nie in die tronk stop.

LIBIË

Ja, dit is maar so, die Christelike demokrate kan net konings en volksleiers gebruik wat doen wat van hulle gevra word en as hulle nie luister nie gaan hulle tronk toe. Wat met Seretse Khama gebeur het kan ook met El Said Idriss gebeur.

Die jong koninkryk, die staat Libië, is vyf keer so groot as Italië maar het 'n bevolking van net 1,100,000 mense. Toe die Italianers in 1911 vir hulle 'n stukkie van die ondergaande korrupte Turkse Ryk uitgesny het, het die Italiaanse leër nie alleen met wapens na Tripolis gegaan nie; hulle het ook graaf, ploeg en saaigoed saam geneem om die land te bewerk. En hulle het uit die woestyn 'n vrugbare land gemaak.

Die Italianers het nie alleen 3 miljoen dadel- en olyfbome geplant nie, hulle het ook strate en dorpe gebou. Van die 100,000 Italiaanse koloniste het die V.V.O. 60,000 terug gestuur Italië toe. Vandag is nie alleen enkele boereplase vervalle nie, maar wel is hele dorpe ruïnes. Fonteine en bronne is versand, die veld is met wilde plante en bosse toegegroeï en die woestyn dring myle en myle voorwaarts. Die 3 miljoen dadel- en olyfbome en die oorgeblywe 40,000 Italiaanse koloniste is vandag die enigste en waardevolste bate wat Libië het.

Van die inboorlinge is 100 persent lui, 92 persent is onalfabete, 10 persent is blind en 20 persent halfblind.

PROVINSIES

Libië is ingedeel in drie provinsies, nl. Tripolitanië, Cyrenaika en Fessan. Tripolitanië het die grootste bevolking, nl. 700—

800,000 mense. Die provinsie Cyrenaika het deur die Tweede Wêreldoorlog algemeen bekend geword omdat maarskalk Rommel met sy Afrika-korps in die

Deur Ski

gebied die grootste aantal van sy veldslagte gelewer het. Die provinsie het as bevolking 2 tot 300,000 Tenussi wat 'n vryheidsliewende nomadestam is. Fessan wat alreeds 'n deel van die Sahara is word deur 40 tot 50,000 mense bewoon wie se lewe onder die palmome van 'n paar Oasise afspeel.

Polities het Engeland, wat tsaam met Frankryk in Ibië gevormagtigde is, sy invloed deur Said Idriss, wat tot koning verhoog is, laat geld. Idriss is 'n vyand van Egipte, hy het met sy Tenussi-Arabië in die Britse Agste Leër teen Rommel geveg. Daarvoor is hy deur die invloed van sy Britse vriende van die V.V.O., as koning erken geword.

BEY SADANI

Maar Idriss sal gou en baie moeilikheid hê. Sy politieke teenstander is Bashir Bey Sadani wat vir 12 jaar die raadgewer van koning Ibn Saud van Saidi-Arabië was. Bey Sadani word deur die Tripolitaniërs wat die grootste deel van Libië se bevolking uitmaak as 'n held beskou. En wat nog belangriker is, hy is 'n vriend van Egipte en 'n dodelike vyand van Engeland. Maar buite Sadani is daar nog 'n 'konserwatiewe party wat teen Idriss gekant is.

Die teenstellings sal eers dan 'n die openbaar tree as die verkiesing en die samestelling van die parlement voltooi is. Die parlement sal 55 lede hê waarvan Tripolitanië 35 setels, Cyrenaika 15 setels en Fessan 5 setels toegestaan is. Die senaat bestaan uit 24 lede waarvan 12 deur die Koning benoem word en 12 deur die parlementslede van die provinsies gekies word.

In die senaat sal Idriss altyd 'n meerderheid hê omdat die 12 lede wat hy benoem almal familieleden van hom sal wees. Maar in die parlement sal sy moeilikheid met die eerste dag begin.

MILITÊRE STEUNPUNTE

Brittanje is wel bewus in water moeilike posisie sy vriend Idriss I verkeer en so het hy dan ook een van sy mees uitgeslaapte diplomate sir Alex Kirk, bride na Tripolis gestuur.

Om die saak vir Engeland van die begin af reg en goed te doen het sir Alex 'n groot getal finansiële deskundiges saamgebring. Hulle doel is om Libië so vas as moontlik aan die sterlingblok te koppel.

Met 'n groot gebaar het sir Alex hom verplig gevoel om die blywende tekort van 2 tot 3 miljoen pond van die huishouding van Libië as 'n geskenk van Engeland aan Libië te betaal.

Vir die belaglike geskenk het Libië alle militêre steunpunte soos Tobruk, Benghazi, Tripolis en ander wat Engeland geëis het, hom toegestaan. Omdat Libië en Egipte aanmekeer grens

is dit wel te verstaan dat die militêre steunpunte teen Egipte gemik is.

MIDDELMAN

Engeland wil vir geen prys sy invloed in die Middellandse See afstaan nie. As Engeland gedwing word om Egipte te ontroom dan sal Libië Engeland sy bastion in die Middellandse See wees.

Sir Kirkbride weet dat Engeland, wat amper bankrot is, nie geld kan mors nie en so het hy op die gedagte gekom om die middelman te wees tussen Libië en Amerika. Vir die Amerikaners sal dit baie maklik wees om Rusland vanuit Libië te bombardeer. So het Amerika deur sir Alex van die Liberiese regering die reg gekry om lughawens te gebou en nuwes te bou.

Libiese koerante vertel ons dat Idriss I van die Amerikaners 'n geskenk van 1 miljoen dollars gekry het. Maar die Tripolitaniërs hou nie van die soort besigheid nie en hulle hou ook nie van die Jode nie. Die regerings-trouwe koerant „Al Libi“ skryf baie teen die Jode en maak beswaar dat hulle die land en volk uitsuij.

Bey Sadani het die nasionale gevoelens van die Tripolitaniërs wakker gemaak. Vir dié rede hou Engeland tot beskerming van die Christelik-demokratiese idee en sy vriend Idriss I 'n oorlogsterke divisie in Libië in stand.

VERBETERING

Ons medewerker Ski skryf dat hy in die artikel: Het die Duitsers Ses Miljoen Jode Vermoor, 'n fout gemaak het met betrekking tot die getalle van die Jode in Holland.

In 1938 het daar in Holland nie 10,000 nie maar 100,000 Jode gewoon.

Met die uitbreek van die oorlog het daar nie 4,000 Jode na Engeland gevlug nie, maar wel 40,000.

Dit beteken dat die getal moontlike Joodse slagoffers in Holland 10,000 is, wat die totaal moontlike Joodse slagoffers in Europa opskuif van 1,878,000 na 1,880,000.

Boerejeug, Gee Aandag

Die Boerejeug herinner daaraan dat hulle die moontlikheid oorweeg om 'n laer te hou gedurende die Van Riebeeckfees vanaf 28 Maart tot 6 April, hoofsaaklik om aan die binne-landse kinders huisvestig te verskaf.

Voor hulle egter tot 'n finale besluit oorgaan word lede van die Boerejeug versoek om so gou moontlik hul NAME, ADRESSE en OUDERDOMME aan DIE BOEREJEUG, POSTBUS 1411, KAAPSTAD, te stuur.

Gerugte van Koalisie

„Mense wat naby mnr. Havenga staan sê dat hy met 'n nuwe uitkyk op sake van die Londense konferensie terugkeer het,” skryf Die Landstem van Kaapstad.

„Gerugte wil dat mnr. Havenga die aankondiging van die strawwe maatreëls mag paar met 'n beroep op die volk om saam te staan.”

Die blad verklaar dat daar groot dinge binne en buite die parlement aan die broei is en as alles waar moet wees wat hy te hore gekom het sal sy lesers hulle ore nie kan glo nie.

VONKE SAL SPAT

„Sommige lede (van die parlement) praat selfs van die moontlikheid van 'n koalisie regering of nuwe sterk sentrale regering om die land deur sy groot moeilikhede te sien.” Die blad waarsku dat eenheid nie somer maklik sal kom nie. „Ministers soos mnr. Eric Louw en Hans Strydom is baie sterk teen enige vorm van toenadering en ook van strawwe maatreëls.”

Volgens die blad sal die vonke spat en die volk sy skokke kry wanneer mnr. Havenga in Maart sy begroting aankondig.

Kruistog

Uit Rome word berig dat die Pous 'n kruistog gaan loods om 'n magtige Christelike ontwaking te bewerkstellig. Hy wil die Christelike gewete van die mensdom probeer wakker skud.

DIE VERHAAL VAN DIE SUID-AFRIKAANSE VERVOERWESE

IN DIE SPORE VAN DIE OSSEWA

Die Spoorwegbusse is Vandag

die „Wiele“ wat Voortrol



'n Mens kan jou haas nie 'n Suid-Afrikaanse toneel sonder die spoorwegbusse voorstel nie. Nogtans het die padmotor-dienste van die S.A.S. eers in 1912 met 'n diens tussen Botrivier en Hermanus in Kaapland 'n aanvang geneem. Sir William Hoy, die eerste Hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, was een van die eerste passasiers van hierdie diens—toe hy op weg na Hermanus was om vakansie te gaan hou. Die organisasie behels nou—slegs 40 jaar later—27,000 myl van roetes wat selfs die van die spoorweë oortref en dit bring moderne goedere en passasiersvervoer na die mees afgeleë plekke in die Unie. Die snelheid waarmee die diens uitgebrei het, is bewys van die waarde wat dit vir die mense in die verafgeleë uithoeke inhou, waar die spoorwegbus die plek van die ossewa ingeneem, en dieselskrag die trek-krag van osse vervang het.



BO: Een van Suid-Afrika se skouspelagtigste aantrekkingsplekke vir toeriste is die vyfdaagse reis in 'n laankste-voertuig tussen Kaapstad en Durban. Hierdie toer word as 'n volledige vakansie gereël en die reisgeld sluit alle akkommodasie en maaltye in.

ONDER: Hierdie eertydse padmotorbus sal baie mense laat terugdink aan die dae voordat vaartbelyning en dieselskrag bekend was. Die vloot van die padmotor-dienste bestaan tans uit byna 400 passasiersvoertuie, 650 goedere- en tweedelige voertuie en meer as 600 aanhangwaens.



Een van 'n Reeks Advertisies wat deur die Administrasie van die Suid-Afrikaanse Spoorweë in 1952, die Jaar van Suid-Afrika se derde Eeuefees, Aangebied word

Van Rensburg Bedank Weens Kritiek op Nasionale Party

Op 7 Februarie het dr. J. F. J. van Rensburg onderstaande „K.G.-omsendbrief Nr. Een van 1952” aan lede van die Ossewabrandwag gestuur. Dit is die motivering van sy bedanking as leier van die O.B. Op 9 Februarie het hy sy bedanking by die Voorzitter van die Grootraad ingedien en terselfdertyd sy Omsendbrief aan die South African Press Association oorhandig vir publikasie in die dagbladsers. Daarom het O.B.-lede reeds verlede week in die partykoerante van dr. Van Rensburg se bedanking gelees.

Dr. Van Rensburg verklaar dat hy bedank omdat daar sedert die jongste Grootraadsitting „artikel na artikel” in die O.B.-blad verskyn het wat nie welwillendheid teenoor die Nasionale Party laat deurskemer nie. Hy is nie bereid om verantwoordelikheid te aanvaar vir hierdie ontwikkeling in die beweging nie. Hy kan dit ook nie verhoed nie. Derhalwe bedank hy. Met die totstandkoming van die nuwe Nasionale Party is dr. Van Rensburg deur mnr. N. C. Havenga benoem tot lid van die Hoofraad van die Nasionale Party van Transvaal.

Dr. Van Rensburg se Omsendbrief lui woordeliks soos volg:

Op 1 Januarie 1941 het ek as Leier verantwoordelikheid vir die Ossewa-Brandwag aanvaar en met u getroue hulp die Beweging — veral deur die oorlogsjare — so probeer loods dat sy hoofsaak, die Republikeinse doelstelling van ons volk, met alle beskikbare middele kon dien.

Nou, elf jaar later, voel ek my genoodsaak om die verantwoordelikheid neer te lê, en wel weens onlangse ontwikkelings in die Beweging self. Dit bots met my gewete om vir hierdie ontwikkelings verder verantwoordelikheid te aanvaar en omstandighede stel dit buite my bereik om hul te verhoed.

KOMMENTAAR

Dat ek my direk tot u wend en nie deur middel van die blad, „Die O.B.”, nie hang saam met een van die medewerkende faktore wat my noop om die leierskap neer te lê. Weens meningsverskille, veral in die jongste maande, aangaande ons houding teenoor die eenwording van die Afrikanerdom op parlementêre terrein moes ek — tot my spyt — leer dat dit vir my onmoontlik is om u deur die blad

te bereik sonder redaksionele kommentaar op my leiding wat, myns insiens, die situasie elke keer vertroebel het.

Ek wil die saak sonder enige persoonlikhede stel en dit hou op die beginselpaai waarop elke man en vrou in die Ossewa-Brandwag na al die jare van taale stryd geregtig is. Ook sien ek geen heil in enige verwytegie; daarvoor is ons saak veels te goed.

H.N.P.

Verreweg die meeste van u was ten tyde van u toetrede tot die Ossewa-Brandwag aktiewe lede of ondersteuners van die H.N.P. In 1941 het dinge gebeur wat hier nie ter sprake hoef te wees nie maar waardeur u uit daardie organisasie geban was tensy u bereid was om die Ossewa-Brandwag te bedank.

U troue vasstaan in die Ossewa-Brandwag het, onvermydelik, ten gevolge gehad dat u kragte in georganiseerde verband vir die Afrikanerdom se stryd op parlementêre terrein uitgeskakel was. Tot ongetwyfelde skade vir die Afrikanerdom. Alle pogings om hierdie misstand te verhelp, het sonder sukses gebly.

Met die samewerking wat tussen die twee nasionaalgeoriënteerde partye in 1946 gekom het en wat die val van die „interneringsregering” in 1948 bewerk het en — veral — met die eenwording van die partye en die stigting (of herryenis) van die Nasionale Party in 1951, het ’n verbetering in die toestand gekom, ook vir die Ossewa-Brandwag. Weereens het dit vir diegene van u wat sulks verlang, of dit as hul plig beskou het, moontlik geword om met behoud van hul O.B.-skap hul kragte ook op daardie gebied georganiseer in die Afrikanerstryd in te skakel.

VERWELKOM

As u Leier, belas met die Ossewa-Brandwag se belange, het ek hierdie nuwe bedeling verwelkom en alles in my vermoë gedoen om die eenwording tussen die twee partye te vergemaklik en om hindernisse wat binne ons bereik was, uit die weg te ruim.

Ek het so gehandel omdat ek oortuig was dat dit in Afrikanerbelang was; tewens was (en ek is nog) oortuig dat slegs hierdie weg vir die Ossewa-Brandwag heil en verligting kon bring. As nasionaal- en republikeinse organisasie is dit vir ons onmoontlik om van ons nasionaal- en republikeinse volksgenote afgehoek en vervreemd te bly sonder dat sowel ons ideaal as ons Beweging op die lange duur ten gronde gaan.

Derhalwe het ek die geleentheid om, sonder afstand van O.B.-skap, ’n beter gees te skep as vanselfsprekend en met dankbaarheid aanvaar.

BESLUITE

Wat ek in hierdie rigting gedoen het, het met volle medewete van die Grootraad geskied

en ook is my optrede op die jongste sitting van die Grootraad te Bloemfontein goedgekeur — en wel sonder ’n enkele teenstem. Dit het geskied in twee besluite:

(a) Die Grootraad keur die optrede van die KG in sy ondersteuning van eenwording van die nasionale Afrikanerdom op parlementêre terrein goed.



DR. J. F. J. VAN RENSBURG

(b) Aangesien die OB as sodanig geen partypolitieke organisasie is nie laat die Grootraad dit aan lede van die Beweging vry om, na eie oortuiging, by die te stigte Nasionale Party aan te sluit of nie.

MISGIS

Daarmee, het ek gemeen, is gesaghebbend die Ossewa-Brandwag se houding teenoor die bereikte Afrikanereenheid op parlementêre terrein bepaal; ook het ek gemeen dat dit onomwonde ons welwillendheid teenoor volksgenote wat op daardie terrein die Afrikanerstryd voortsit, bekendmaak.

Blykbaar het ek my misgis. Sedertdien het artikel na artikel in die blad verskyn wat — hoe geregverdig ook al in die oë van die betrokke skrywer! — min of geen blyk van welwillendheid teenoor die eengeworde Afrikanerdom op parlementêre terrein laat deurskemer het nie.

STRYDPUNT

Die basis van eenwording gee aan elke lid van die Ossewa-Brandwag die reg om, desgewens, sonder prysgawe van sy OB-skap sy kragte op daardie noodsaaklike front in te werp. Jarelank moes ons, terwille van hierdie kardinale strydpunt, in die woestyn kwyn. Ek is dankbaar dat ons hiervoor nou ’n oplossing gevind het.

Daarmee, het ek gemeen, is die grondeorsaak van vyandskap in die nasionale geleedersover dié die Ossewa-Brandwag raak — uit die weg geruim.

Blykens die houding van die blad wat as mondstuk moet dien, is dit egter duidelik dat hierdie kardinale geskilpunt (soos ek en meeste andere dit gesien het) by sommige nie meer die hoofsaak is nie. Po-

gings van my kant af om in die blad ’n meer versoenende gees te skep, het geen weerklank gevind nie.

NIE BEREID

Ek het geen seggenskap oor die blad nie en kan dit blykbaar nie tot ander insig bevoeg nie. Tegelykertyd is ek nie bereid om as Leier die verantwoordelikheid te aanvaar vir ’n koers wat blykbaar teenoor ’n organisasie wat teen ons geen stryd voer nie en wat die gros van die nasionale Afrikanerdom omvat, vyandig te staan. Veral nie as ek nie by magte is nie om my leiding onvertroebeld by die lede van die Beweging tuis te bring.

Onder hierdie omstandighede is die enigste eerbare weg om die hoogste gesag van die Ossewa-Brandwag, ’n Laertrek van Offisiere, te versoek om my van die verantwoordelikheid te onthef. Kortom, om te bedank.

Ek het gehoop om hierdie stap binne die volgende weke te kan doen om sodoende die Beweging die kans te gee om ’n ander Leier sonder onnodige tydverspilling te kan kry. Oënskynlik, egter, is die moeilikheid in die pad van so ’n samevatting op hierdie tydstip on-oorkomelik.

Tegelykertyd is dit buite kwessie vir my om verder vir die toestand wat geskep word verantwoordelikheid te dra en derhalwe doen ek — hangende die sameroeping van ’n Laertrek — die nodige stap by die hoogste staande gesag bereikbaar, die Voorzitter van die Grootraad.

DANK

My bedanking as Leier beteken nie dat ek uit die Beweging uittree nie. Ek bly lid en sodoende behou ek die voorreg om u kameraad te bly.

Die elf jaar wat ek in diens van die Beweging gestaan het, betreur ek geen oomblik nie. My lewe lank sal ek dit as ’n besondere voorreg beskou dat dit my deur die Voorsienigheid vergun was om, veral in die gevaarvolle jare van die oorlog, toe die Republikeinse Afrikaner byna vry-wild in sy eie vaderland moes word, die onwrikbare vertroue van sulke manne en vroue soos ek u in die Ossewa-Brandwag leer ken het, te besit.

Waar ons lank nie alles bereik wat ons gehoop het nie, daar wil ek die oorsake soek in die oormag van die omstandighede of, desnoods, by myself; maar niemand — en allermins u Leier! — het die reg om die fout te soek by die manne en vroue wat dwarsdeur die gevare en die offerings heen (selfs tot in die kampe en die tronke) hul eed gestand gedoen het.

Elkeen van u, oor die lengte en die breedte van die land, wil ek van my dank en my persoonlike hoogagting verseker.



Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groot Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Postbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

Handelsadvertensies:

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

Intekengeld op „Die O.B.” (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na VOORSLAG (EDMS.) BEPERK, Posbus 1411, KAAPSTAD.

MEUBELS

MEUBELS.—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stookkarretjies, driewiele, linoleums, tapete, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad. 3/12/11

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-Ingenieurs, Stasleweg, Parow, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteits-aannemers. Foon 9-8435.

HORLOSIES EN BRILLE

H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — BOEREGENEES-MIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg. A1/9/49

Duisende is reeds van hulle kwale bevry. Talle vind daaglikse baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. (Nr. 3)1/9/49

GRYSHARE

GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroel bevorder, jong voorkoms verseker, dit waarborg GRYSHAAR-WONDER, die jongste kunsmatige wereldwonder haar- en kopvelvoedingsmiddel u. Skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel, geld met bestelling. BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg. C1/9/49

ANTIGRYS herstel gryshare en baard tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg. E14/6/50

Van die Os op die Esel

(Vervolg van bladsy 2, kol. 5)

Malan van 1947 wat geweier het om die Koning by die dokke te gaan ontmoet.

Eers Nasionaal, Nou Lojaal

In 1942 het dr. Malan met sy voorstel die siel en gees van die beleid van die Nasionale Party openbaar, soos ons die party sedert 1910 geken het, en soos dr. Malan self die beleid sedert 1915, met die ontstaan van Die Burger, gepropageer het. Dit is vir my heeltemal onmoontlik om die Afrikanernasionalisme van die Nasionale Party en van Die Burger van die jare 1915 en daarna te versoen met die Britse loyaliteit wat vandag die beleid van die Nasionale regering en die Burger is. Ek kan dit net verklaar uit die party se jag agter Engelse stemme aan.

As ’n mens ooit die eertydse Keeromstraat wou sien verander het in ’n vuurspuwende berg dan moes wyle genl. Smuts in sy tyd dit gewaag het om ’n ekspedisie-mag na Korea te stuur — soos die Nasionale regering vandag gedoen het. Maar omdat die Nasionale regering dit gedoen het, het Keeromstraat nie eens gerommel nie. Dit is glo goed dat die Nasionale regering aan die „Empire se oorlog” in Korea deelneem; dat Afrikanerbloed op die slagveld van die Verre Ooste verspil word; dat die Suid-Afrikaanse belastingbetaler se miljoene in daardie uithoek van die wereld spandeer word; en dat dit alles gedoen word om Britse belange in die Verre Ooste te beskerm.

Ek weet waarlik aldag nie of

ek woedend of hartseer moet wees nie.

Republikeinse Ontwaking

Boonop al hierdie dinge word daar vandag gepraat van die Bou van ’n Nasie. Om ’n Afrikanernasie te wil bou op die fundamente wat dr. Malan in 1949 op die Empire-konferensie in Londen help lê het is om ’n boom te wil kweek sonder ’n stam. ’n Nasie kan nie gebou word op Empire-formules nie (ook nie op ’n verweerde Vrouemonument nie), maar alleen op die beleving van die volk se verlede, wat die hoeksteen en fondament van sy nasieskap is.

Die geskiedenis sal nog eendag leer dat in die middel van die Twintigste Eeu het net die Ossewabrandwag tussen die Afrikanervolk en verbrissing gestaan.

Dankie Ossewabrandwag. Gaan voort. Ons volg.

Tot sover my leser uit Robertson.

Arrie, die Graaff-Reinetter en die Robertsoner het darem lekker gesels vandag.

Ek gaan sommer ’n groot voorspelling maak. (Ek het my lesers al vantevore gewaarsku dat ek lief is om voorspellings te maak.) Nou ja, Ek voorspel dat die versapping of verbrissing van die Nasionale politieke party die grootste republikeinse ontwaking van ons volk in die Twintigste Eeu gaan bewerkstellig; en dat die Ossewabrandwag hierdie ontwaking gaan benut om gestalte te gee aan die republiek van die toekomst. Dit voorspel ek.

VRYHEIDSDAGVIERING

PROGRAM VIR 27 FEBRUARIE

Vryheidsdag (Amajuba-geloftedag) word op 27 Februarie soos voorheen herdenk. Hieronder verskyn 'n leidraad vir 'n program wat die aand uitgevoer moet word. (Let wel. — In plaas van die kantate voor te dra of 'n geskiedkundige oorsig te lees, mag 'n toepaslike en stigtelike rede (toespraak) gehou word.)

Daar word vanjaar geen vasgestelde tyd aangegee vir die afhandeling van gegewe dele van die program nie, aangesien dit in die verlede gevind is dat sommige eenhede 'n langer en ander 'n korter tyd nodig het. Slegs moet gesorg word dat die vuur presies om 9-uur aangesteek word, soos hieronder aangedui, of 'n fakkel as die funksie in 'n saal gehou word.

Die program vir die viering na die kommando-byeenkoms is as volg:

1. Die plegtigheidsverrigting begin die aand wanneer die offisier-in-bevel die fluitjie blaas en die aanwesiges aantree by die houtstapel, wat later aan die brand gestek word.

Die verrigtinge begin met Skriflesing (bv. Josua 1), gevolg deur die sing van 'n gepaste gesang of Psalm (bv. Ps. 84 vers 6), en kort gebed.

2. Toespraak deur offisier of aangewese spreker; of voorlesing van die kantate, 'n gepaste stuk of voorgeskrewe lesing. (As daar nog tyd oor is word gewyde liederen en/of nasionale liederen gesing).

3. Vlamme (intussen in gereedheid gebring) wat die vryheidsvuur moet aansteek, word deur lede van die Boerejeug met fakkels aangebring en aan die offisier-in-bevel oorhandig onder die sing van Ps. 146 vers 3.

4. 9-uur (presies): Die offisier gee die teken deur 'n fluitjie te blaas, steek die vuur of 'n fakkel aan en die ander fakkel-draers volg sy voorbeeld.

Die aanwesiges sing die Lied van Jong Suid-Afrika, verse 1 (en 4), wat hier afgedruk word vir die gerief van brandwagte: En hoor jy die magtige dreuning?

Oor die veld kom dit wyd gesweef.

Die lied van 'n volk se ontwaking,

Wat harte laat sidder en beef. Van Kaapland tot bo in die Noorde,

Rys daverend luid die akkoorde:

Dit is die Lied van Jong Suid-Afrika (3 keer).

5. Die Vryheidsvuur brand nou deur die lengte en breedte van ons land. Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en roep almal tot aandag en op saluut. Hulle bly staan op saluut vir een minuut om in stille bepeinsing in die vuur te tuur.

Die Koning Begrawe

Verlede Vrydag is Sy Majesteit, Koning George die Sesde begrawe. Roudienste is dwarsdeur die Britse Ryk en Statebond gehou. In Brittanje is 'n stilte van twee minute waargeneem; maar in Suid-Afrika het die regering die hele dag tot openbare vakansiedag geproklameer.

In S.A. is op verskeie dorpe roudienste gehou. Die hoofdiens in die land is in die Kaapstadse stadsaal gehou waarop die Gouwerneur-generaal, dr. Jansen en die Eerste Minister, dr. Malan ook teenwoordig was. Ander ministers wat die diens bygewoon het was: mnr. N. C. Havenga, dr. T. E. Dönges; en mnr. F. C. Erasmus.

Die biskop van Kaapstad; die moderator van die N.G. Kerk; die hoofrabbi van Kaapstad; die moderator van die Presbiteriaanse Kerk; en nog ander predikante het die diens geleid.

Die fluitjie blaas om die saluut te beëindig en die offisier-in-bevel 'eas op plegtige wyse die Vryheidsverklaring en Gelofte soos deur die Grootraad opgestel:

DIE GELOFTE

Oomblikke van groot gevaar en groot onsekerheid oor die toekoms het meermale in ons volksgeskiedenis voorgekom. So was dit die aand voor Bloedrivier se slag en so was dit in die oggendskemerling voor Amajuba. So is dit ook vandag in die begin van 1952.

Soos ons vadere destyds in vertroue op God, vol moed en offervaardigheid, die stryd aangebind het, desnoods tot in die dood toe, so wil ook ons sonder vrees of blaam ons plig doen. Ons ken net een aardse trou en net een liefde — Die Republiek van Suid-Afrika.

As ons hierdie stryd gewonne gee, is die Vryheidsvlam van Amajuba geblus. En as die regbank van die geskiedenis, wat hoër staan as die regbanke van die Empire, eendag vra waarom die Vryheidsvlam geblus is, sal dit daardie vraag aan ons geslag stel. Aan die Ossewabrandwag sal daardie vraag deur die geskiedenis gestel word, want die Ossewabrandwag is die fakkel-draer van die Republiek.

Ons gaan so optree dat ons daardie vraag voor die regbank van die geskiedenis kan antwoord sonder vrees of blaam.

Man en vrou en kind gaan ons die Republiek dien, in ons huise, in ons samekoms, in ons werk, in ons vryhede en in ons gevangenis.

Ons het in die Ossewabrandwag die eed gesweer dat ons ons mede-Afrikaner nie in die steek sal laat nie en hom nie aan die vyand sal uitlewer nie. En daardie eed gaan ons waaragtiglik hou. Een vir almal, almal vir elkeen. Ons erken nie net broederskap, maar ook hoederskap, en ons stry uit liefde, nie uit haat nie.

Dieselfde God wat in 1938 en 1881 die Vryheidsideaal laat seëvier het, sal ook met genade neersien op ons van 1952, wat die stryd van ons vaders wil voortsit.

Daarom doen ons nou, gesamentlik en afsonderlik, die plegtige gelofte dat ons die stryd vir die onafhanklike Republiek nie sal staak nie en nie in die steek sal laat nie.

Waar ons vadere dit met wapengeweld gedien het, sal ons dit dien met toewyding en desnoods met lyding, na ons beste vermoë.

Ons sal sterk wees en volmoed, want die Here onse God is met ons, oral waar ons gaan.

Die vlam brand nou dwarsdeur die land en ons is met ons broers en susters elders in een groot band saamgesnoer. Amajuba is die simbool van ons Vryheid; Amajuba-berg staan op ons wapen. Amajuba-vlam bly Vryheidsvlam!

7. Die offisier-in-bevel blaas die fluitjie en die offisier (hoogste in rang) tree na vore, ordelik gevolg deur die aanwesiges,

een agter die ander, en elkeen werp sy stukkie hout op die vuur as teken van die aanvaarding van die verklaring en gelofte (as daar 'n vuur is).

Sodra dit klaar is, marsjeer almal een agter die ander agter die offisier aan verby die kisse wat onder die sorg van twee onderoffisiere in gereedheid geplaas is en plaas hul offers (bydraes) daarin.

Waar 'n viering binnehuis plaasvind word aanbeveel dat aangesien dit onmoontlik is om hout te laat werp op 'n brandende vuur, dit gereël moet word dat die aanwesiges hul bydraes met die verbymasjeer voor 'n brandende fakkel wat om 9-uur aangesteek word, stort in 'n kisse wat by die fakkel geplaas word.

Die aanwesiges tree weer aan en sing die laaste vers van Die Stem:

Op u almag vas vertrouend het ons vadere gebou. Skenk ook ons die krag, o Here, om te handhaaf en te bou

Dat die erwe van ons vaad're vir ons kinders erwe bly; Knepte van die Allerhoogste, teen die hele wêreld vry. Soos ons vadere vertrou het, leer ook ons vertrou, o Heer; Met ons land en met ons nasie sal dit wel wees, God regeer. Hierdie deel van die verrigtinge sal nou gesluit word met gebed.

ONS LESERS

(Vervolg van Kolom 5)

te stuur nie, selfs al het die Volksraad dit goedgekeur. Ons leef mos nou in een-twee-en-veertigjarige jare en die gevare wat nou dreig, is te groot om nog met sulke formele prosedure soos die goedkeuring van 'n Volksraad te lol. Ons beskik mos oor 'n regering wat uit die eksklusiewe breinkrag van ons volk saamgestel is, waarom moet daar dan nog goeie tyd verkwis word om 'n Volksraad iets te gaan vra wat hy tog nie sal weier nie? A nee a, meneer die Redakteur! U moet darem rekening hou met die feit dat u hier met grootmanne te doen het wat beter weet wat vir ons land goed is as u en die ander wat van hulle verskil.

Maar ook u sal darem toegee dat kommunisme 'n gevaar is wat buitengewone stappe regverdig en ons kan die leiers van ons volk sulke spronge maar vergewe as hulle net eerlik genoeg wil wees om te erken dat hul voorgangers nie juis met die satan besield was toe hulle dieselfde dinge, dog op kleiner skaal, gedoen het nie. Ag, nou ja, kom ons vergewe ons regering maar hierdie afwykinge van die pad wat hulle voorgeskryf het toe hulle nog in Opposisie was want dis tog mos maar die kern van die partypolitiek om môre presies dieselfde ding te doen waarvoor jy jou broer gister veroordeel het, anders is dit nie partypolitiek nie, „of wat praat ek ook nou weer” sê Doorsie.

DANKBAAR VIR O.B. SE KRITIEK

Mnr. D. F. de Swardt, Worcester, skryf:

Dit is verblydende nuus om te verneem dat daar tog nasionale parlamentslede is wat nog nie die knie voor Baäl gebuig het nie en wat ook staan vir 'n vrye onafhanklike republiek buite die Britse Empire.

Ook is dit verblydend om te sien dat mense weer meer begin belangstel in die O.B. Vandaar die gretigheid om die O.B.-blad in die hande te kry.

Die kritiek wat die O.B.-blad uitoefen teen die regering en waarteen daar beswaar gemaak word (o.a. onlangs in Dagbreek) is tog eerlike en regverdige kritiek. Die regering hoef mos nie bekommerd te wees oor kritiek as hy die volkswil uitvoer en sy verkiesingsbeloftes nakom nfe.

Maar waar staan ons vandag? Wat het van al die verkiesingsbeloftes geword? Begryp jou aan! 'n „Nasionale” regering wat so lojaal is aan die Britse Empire dat hy met die Boerevolk se swaarverdiende geld (en in so 'n swaar tyd) vir Engeland wil red van bankrot-skap.

Malan, Havenga en Kie kan nie verwag om nog swaarder laste op ons volk te lê nie. Dit is nie die volk wat lojaal aan die Empire is nie. En laat my reguit praat — die Boerevolk gaan soiets nie duld nie.

Nee, ek meen dat die O.B.-blad se kritiek teenoor die regering heeltemal geregverdig is en as die blad nie aan die volk vertel wat werklik aangaan nie,

Soos Ons Lesers Dit Sien

en hoedat ons regering besig is om te verbruts nie, wat sal dan van ons land en volk word?

Die Boerevolk is die O.B.-blad baie dankbaar vir die standpunt wat hy inneem.

Iets of Iemand moes Verander het?


Mnr. Fred Hattingh, Piet Retiefplein, Ysterplaat, skryf:

Die artikel wat onder bovermelde opschrift in u uitgawe van ses deser verskyn het, het my lagspiere so geprikkel dat ek dit eenvoudig nie kan nalaat om u geluk te wens nie. Selfs ons edelagbare Regering, met sy eksklusiewe intelligentsia sal my die genot nie graag wil ontsê nie. Maar u moet darem redelik wees wanneer u sulke vrae uit die verlede stel. 'n Mens word mos ouer en tye verander en daarby kom nog dat die beroepspolitikus glad nie rekening hou met die geheue van die man in die straat nie.

Ons word nie veronderstel om te onthou dat dit 'n gruwelike sonde was om weermagte in 1941 oor die grense van die Unie

(Vervolg in kolom 3)

Beter Tabak * maak Beter Sigarette



Waar u ook mag wees

Kommando

Suid-Afrika se

gewildste

sigaret



* Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.

MOET STRYD VIR O.B. SE IDEALE VOORTSIT

Dr. Van Rensburg se bedanking as leier van die Ossewabrandwag is 'n teleurstelling, het dr. F. D. du Toit van Zyl, Kaaplandse leier van die Ossewabrandwag verlede Donderdagaand verklaar toe hy 'n O.B.-byeenkoms op Constantia toegesprek het. Hy het gesê dat die lang periode van samewerking bande van vriendskap gesmee het en hy het waardering betuig vir alles wat dr. Van Rensburg beteken het vir die beweging en die volk en veral vir die wyse waarop hy gedurende die oorlogsjare die republikeinse ideaal lewendig gehou het.

Die bedanking van dr. Van Rensburg, het dr. Van Zyl gesê, is egter geen rede vir O.B.-lede om hul taak in moedeloosheid neer te lê nie. Intendeel werp dit 'n groter verantwoordelikheid op elke oortuigde O.B.-lid om met nog meer ywer te werk vir die verwesenliking van sy ideale. Dit is nie die eerste keer dat die O.B. 'n K.G. verloor nie. Miskien sal dit ook nie die laaste keer wees nie. En hoe ons dit ookal betreur dat die K.G. bedank het, het ons geen ander keuse nie as om die stryd vir ons ideaal voort te sit.

Dr. Van Rensburg het sy bedanking as leier van die Ossewabrandwag gekoppel aan 'n veroordeling van kritiek wat die O.B.-blad in die jongste tye teen die Nasionale Party sou uitgespreek het. Hy regverdig sy veroordeling deur hom te beroep op 'n besluit van die Grootraad waarin die „eenwording” van die H.N.P. en die A.P. goedgekeur word. Maar al het die Grootraad goedkeuring uitgespreek omdat twee politieke partye verminder het tot een, beteken dit hoegenaamd nie dat die Ossewabrandwag verplig is om die wisseling van daardie party se beleid onvoorwaardelik goed te keur nie. Intendeel. Die O.B. is 'n selfstandige organisasie wat nie alleen die reg het om sy eie doelstellings te propageer nie maar ook om beleide te kritiseer wat sy doelstellings dwarsboom. Dit het die blad gedoen.

KRITIEK OP BLAD

Sedert die A.P.-kongres besluit het tot samesmelting met die H.N.P. het dr. Van Rensburg die O.B.-blad reeds herhaalde male in die openbaar en in geslote kring gekritiseer. Hy het sy aanklag breedvoerig voor die Grootraad gelê op 13 Oktober verlede jaar en dissiplinêre stappe geëls. Die Raad was bygewoon deur 'n sewentig-tal hoofoffisiere uit alle dele van die land.

As gevolg van dr. Van Rensburg se kritiek het ek my verplig gevoel om my bedanking as voorsitter van die direkte van die blad in die hande van die Grootraad te lê.

BLAD GEREGERD

Die Grootraad het egter die blad se optrede geregverdig deur 'n mosie van dank en vertroue in my as voorsitter eenparig te aanvaar.

Sedertdien het die blad hom bepaal by die toekomsbeleid van die Ossewabrandwag, soos opnuut deur die Grootraad te Bloemfontein aanvaar, te wete, om die republiek geskoei op die lees van die voormalige Boere-republieke te verkry en om die volk bewus te maak van die euwels van die uitheemse partystelsel.

BESKERM BELEID

As voorsitter van die direkte van die blad is dit my plig om die beleid van die Ossewabrandwag, soos van tyd tot tyd neergelê deur die Laertrek en die Grootraad nie alleen in die O.B.-blad te laat propageer nie, maar ook om dit te beskerm teen inbreuk wat daarop gemaak mag word selfs deur die hoogste of fisier van die beweging. Dit het ek gedoen voor die genoemde Grootraadsitting — en my optrede is goedgekeur. Ook het ek

dit gedoen ná die Grootraadsitting.

BLAD SE PLIG

Die O.B.-blad moes propaganda maak vir die suiwer republikeinse ideaal en omdat hy hierdie ideaal moes beskerm het hy kritiek uitgeoefen teen die monargistiese neigings wat in die jongste tyd deur ons nasionale regering geopenbaar word.

Die blad maak ook beswaar teen die verstewiging van die Empire se ekonomiese bande,



DR. F. D. DU TOIT VAN ZYL

soos nou weer opnuut aanskou word in die kabinetsbesluit om die Suid-Afrikaanse volk te beskas ten einde Engeland van bankrotskap te red — 'n doel wat tog nie deur ons offers bereik kan word nie. Die blad sou sy republikeinse plig versuim as hy hieroor swyg.

NOG SESTIEN NUWE LESERS

Gedurende die afgelope week het ons blad weer sestien nuwe lesers bygekry.

Mnr. J. J. van Tonder van Vryburg het een permanente in-tekenaar gewerf; een vir ses maande en drie vir drie maande. Die Wellington kommando het 'n nuwe leser vir drie maande gestuur. „Vriend” in die Bolland het twee permanente lesers en een vir een jaar besorg. Mnr. P. W. du Plessis, Pokwani, het een nuwe leser vir drie maande besorg. Mnr. D. F. de Swardt van Worcester het twee nuwe lesers vir 'n jaar elk en een vir ses maande gewerf. Mnr. G. S. Scheepers van Marnitz het gesorg vir twee gereelde nuwe lesers. En mnr. W. Muller, Otjiwarongo, S.W.A., het een nuwe leser vir 'n jaar gewerf.

Ons hartlike dank aan hierdie lesers. Ons versoek is: Laat die werwingsveldtog voort brand!

DR. VAN ZYL OOR BEDANKING

toegesprek het. Hy het

gesê dat die lang periode van samewerking bande van vriendskap gesmee het en hy het waardering betuig vir alles wat dr. Van Rensburg beteken het vir die beweging en die volk en veral vir die wyse waarop hy gedurende die oorlogsjare die republikeinse ideaal lewendig gehou het.

Dieselfde geld vir die blad se kritiek op die regering se oorlogsbeleid waar laasgenoemde in vredestryd militêre verpligtinge aanvaar het wat in omvang en afstand, en ek wil byna sê in geesdrif, enige Empire-bewind voor hom in die skaduwee stel.

GEVAAR

As hierdie gebillikte kritiek teen afwykinge van ons tradisionele nasionale en boweal republikeinse beleid gesmoor moet word slegs sodat lede van die O.B. binne die Nasionale Party verdra mag word, dan het die Ossewabrandwag voorwaar nie meer 'n taak nie.

Ten slotte het dr. Van Zyl verklaar dat die O.B. beskerm moet word teen die gevaar dat dié vleuel van die Nasionale Party vir wie die republikanisme niks meer as 'n propagandamiddel is nie, hom gebruik in sy stryd teen die ander vleuel wat opreg republikeins gesind is.

Vryheidsvuur sal Brand op Stellenbosch

Die offisiere van die manne- en vrouekommando's van Stellenbosch het verlede Donderdagaand bymekaar gekom in die saal op Vlothenberg onder voorsitterskap van die kommandant mnr. D. D. Joubert. Afgesien van die kommando-offisiere was genl. W. R. Laubscher, hoofkomde. Jan de Waal en Boy Wium ook aanwesig, sowel as dr. S. J. Pretorius, lid van die U.K. van Kaapland.

Die gesamentlike viering van Vryheidsdag naby Bellville, op 1 Maart en die bywoning daarvan is bespreek. Die kommando se wagafdeling sal egter sorg dat die vryheidsvlam hoog op die bergkruin sal brand op die aand van 27 Februarie.

Dr. Van Rensburg se bedanking as leier van die O.B. is ook bespreek. Die offisiere se eenparige gevoel is dat hy waardeering verdien vir die dienste wat hy in die afgelope jare — veral gedurende die oorlogsjare — aan die O.B. gelewer het.

Die bespreking oor die bedrywighede van die kommando's het uitgeloopt op die voorneme van offisiere om hul brandwagte gereeld gesellig te onthaal ten einde hegte organisatoriese en vriendskapsbande te smee. Met die gesellige byeenkomste sal dadelik 'n begin gemaak word. (Eie Berig).

„DIE O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groot Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.

VRYHEIDSDAG OP DIE RAND

Ons korrespondent op Johannesburg berig dat die offisiere en brandwagte van die Randse generaalskap van mnr. M. S. van Niekerk maandeliks bymekaarkom, gewoonlik by die huis van een of ander kameraad, om O.B.-sake te bespreek en om gesellig saam te verkeer.

Die generaalskap gaan op 27 Februarie, in die aand, 'n saamtrek hou om die O.B. se vryheidstewe by hernuwing te bevestig. As sprekers sal optree, ds. Van Wyk de Vries van Alberton en mnr. A. J. van Rooy van Florida. Alle belangstellendes word hartlik uitgenooi om die verrigtinge by te woon. Die fees begin om 7 nm. te Dittolaan Kerkzaal, Auckland Park. Vir volledige besonderhede bel genl. Van Niekerk, foon 31-2900. Verversings sal te koop aangebied word.

Daar word 'n uitstappie gereël

vir 8 Maart na Elandsfontein 'n myl of twaalf uit Johannesburg op die Vereeniging pad. Dit sal 'n genotvolle uitstappie wees. Boeresport en vleisbraai na hartelus. 'n Paar van ons kamerade sal vertel van hul ondervindings gedurende die afgelope oorlog. U sal verbaas wees wie hulle sal wees. Almal word uitgenooi om hulle te kom geniet en om te kom uitvind wie die kamerade is.

Die Oproep

(Vervolg van bladsy 1, kol. 5)

siere en brandwagte om in ooreenstemming met die letter en gees van die vasgelegde en hierbo omskrywe rigting en beleid van die Ossewabrandwag die skouer aan die wiel te sit, ons volksbeweging te versterk en te help uitbou. In hierdie gees aanvaar ek my pligte.

Dit spyt my baie, na al wat ons saam in die verlede gedoen en deurgemaak het, dat dr. Van Rensburg nie langer, en veral om die redes in sy Omsendbrief genoem, kans sien om as leier van die O.B. voort te gaan nie. Vir wat hy alles gedoen en opgeoffer het bly ons hom dankbaar. Ons glo dat die O.B. sy ideaal langs die weg deur die Grootraad se besluite aangedui sal verwesenlik, — naamlik, die totstandbrenging van 'n partylose staat geskoei op die grondslag van die Transvaalse Republiek.

Die dag is vinnig aan nader dat die volk sal besef dat die koers en rigting deur die Ossewabrandwag aangedui die enigste redding is. Die Ossewabrandwag gaan voort met sy taak.

VRYHEIDSDAG

WORD GEVIER OP

SATERDAG, 1 MAART, 1952

OP DIE PLAAS VAN

Mnr. J. Duminy, Lovenstein, Bellville.

Draai uit op die hoek van Voortrekker- en Lincolnweg (die pad na die Sonskyn-tehuis). Hier, sowel as by die eerste padbrug op die nuwe Nasionale Pad uit Kaapstad na die Noorde sal wagte die pad na die terrein aanwys.

SPREKERS:

Mnr. J. A. SMITH (Waarn. Leier)

Dr. F. D. du T. VAN ZYL (Kaaplandse Leier)

- Gesellige verkeer van 6-uur tot 8-uur nm.
- Bring Bikers vir Koffie saam.
- Allerhande Lekkernye sal verkoop word.
- Voorgeskrewe Program begin om 8-uur nm.

Kom seker en bring u Vriende saam!

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.
GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede